Die Hemelse Roeping

Uittreksel van Pastoor Neser se preek: B336a Eng/Afr.

Skriflesing uit: Hand. 22:1 – 16, 26:19.

Kernvers: 14 – 'En Hy het gesê: Die God van ons Vaders het jou voorbeskik om Sy wil te ken en die Regverdige te sien en die stem uit Sy mond te hoor.'

Wanneer 'n mens seker is van God se roeping op jou lewe, sal daar nogtans tye kom van groot vertwyfeling en dan moet 'n mens teruggaan na daardie dag wat God jou geroep het en jy moet dit met Hom bevestig.

Die aanslae van die vyand sal fel wees en daarom het jy broers en susters nodig wat jou bystaan en vir jou bid. Dis nie almal wat die stem van God hoor nie. Toe Paulus God se stem op die pad na Damaskus gehoor het, het diegene wat by hom was, dit nie gehoor nie.

Nogtans het ons, ons medegelowiges nodig om ons te ondersteun en by te staan. Selfs van die jongste tot die oudstes in die gemeente is geroepenes van die Here. Elkeen van ons het 'n diens om te lewer. So is 'n vader in sy huis, 'n moeder van haar gesin, ook geroepenes van die Here.

Dit hang egter af van die feit of ons Sy stem gehoorsaam wanneer ons dit hoor. U wat nou hier lees is 'n geroepene van die Here, anders sou u nie eers belanggestel het in God se Woord nie.

Ons is 'n geroepe volk en nasie; elke kind van God is 'n geroepene. Wanneer God 'n werk op die aarde gedoen wil hê dan kies Hy iemand.

Daarom, as u Sy stem hoor, moet u weet dat u reeds 'n geroepene van God is en moet gehoorsaam wees aan Sy stem!